Verwysing: 13/2/10/3
20160318-8871

Navrae: Kringbestuurders

Omsendbrief: 0011/2016
Vervaldatum: 31 Desember 2016

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Prinsipale en Opvoeders

Kort opsomming: *Kennisgewing van die prosedures vir die vaslegging van 'n opsomming van die skool se kwartaalprestasie vir Maart, Junie, September en Desember 2016 by openbare skole in die Wes-Kaap.*

Onderwerp: Vaslegging van kwartaalprestasie en voltooiing van per leerderprestasie op die SOBIS vir 2016

1. Hierdie omsendbrief dien om prinsipale, opvoeders en distriksamptenare te herinner aan die prosedure vir die vaslegging van 'n opsomming van die skool se kwartaalprestasie en die voltooiing van die per leerdernasporing van akademiese prestasie vir Maart, Junie, September en Desember 2016 by openbare skole in die Wes-Kaap.

2. Skole en amptenare moet weet hoe leerders in elke graad op 'n kwartaallikse basis presteer ten einde prestasie teenoor vasgestelde teikens na te spoor, in staat te wees om moontlike risiko's te identifiseer en geskikte intervensies te beplan.

3. Skole word versoek om elke kwartaal hulle kwartaalprestasie ('n opsomming van graad 1 -12) teen die volgende datums op die SOBIS vas te lê:

KWARTAAL	DATUM
1	Vrydag, 08 April 2016
2	Vrydag, 22 Julie 2016
3	Maandag, 24 Oktober 2016
4	Donderdag, 15 Desember 2016 (slegs graad 1 – 11)

4. Om toegang te verkry tot die **Term Performance** -vasleggingskerm op die SOBIS, gaan na:
   - ***"Exams/Assessments"-****oortjie;*
   - kies **"Term *Performance"*** *in die aftuimellys;*
   - kies die toepaslike graad;
   - kies Kwartaal;
   - dateer die uitslae, in die vereiste velde, op; en
   - klik op die indien-knoppie sodra dit afgehandel is, en die uitslae sal dan gestoor word.

5. **Nasporing van kwartaalprestasie per leerder op die SOBIS**

5.1 Die SOBIS-gebruikers word daaraan herinner om die kwartaalprestasie per leerder te voltooi wat 'n basiese aanduiding gee of leerders aan die vorderingsvereistes voldoen al dan nie.

5.2 Let asseblief daarop dat die standaardinstelling "default setting" vir elke individuele leerder ingestel is om te toon dat die leerder aan die vereistes vir vordering en bevordering voldoen.

5.3 Die administrateur moet dus net die status van die leerders verander wat:

5.3.1 nie aan die bevorderingsvereistes voldoen nie; of

5.3.2 geregistreer is, maar nie geassesseer is nie.

6. 'n Aanwyser is ook ingesluit om skole en amptenare te help om leerders na te spoor wat na die volgende graad gevorder het weens die aantal jare wat die leerder in die fase deurgebring het.

7. Om toegang te verkry tot die **Per Learner Performance**-vasleggingskerm op die SOBIS, gaan na:
   - **"Exams/Assessments"-***oortjie;*
   - kies **"Term Performance"** in die aftuimellys;
   - kies **"Per learner Term performance"**;
   - kies **"Capture Grade";**
   - verander die status van leerders soos in paragraaf 6 hierbo aangedui; en
   - sodra dit voltooi is, klik op die opdateringsknopie en die uitslae sal dan gestoor word.

8. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief aan alle opvoeders beskikbaar te stel.

GETEKEN: PA VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-03-31